# ARTIKELS – SHOW EN TELL

| | |
|---|---|
| **Klip:**<br>Die Here is my rots waarop ek my lewe bou; want ‘n rots is vas en kan nie beweeg word nie, so is God ook | Ps 18:31 ; Ps 18:46 |

| | |
|---|---|
| **Horlosie:**<br>Tyd is in God se hand – Hy het dit gemaak en Hy beheer dit – Net Hy weet wat wanneer gaan gebeur | 2 Pet 3:8 ; Mark 13:32 |

| | |
|---|---|
| **Water**<br>God is vir my soos water. Ek kan nie sonder water klaarkom nie, so kan ek nie sonder God klaarkom nie. Water gee lewe soos God lewe gee. | Joh 4:10 |

| | |
|---|---|
| **Kruis**<br>Die kruis was God se plan sodat ek en jy nie hel toe hoef te gaan as ons Hom kies nie! | Joh 3:16 |

| | |
|---|---|
| **Hart**<br>God is liefde, Hy het ons so lief dat Hy sy enigste Seun vir ons kom gee het. | 1 Joh 4:8 |

| | |
|---|---|
| **Kers**<br>God IS lig, en God GEE lig. Waar God is kan daar nie duisternis wees nie! | 1 Joh 1:5 |

| | |
|---|---|
| **Kroon**<br>God is die Koning van die heelal, Hy is ook die Koning van my lewe | 1 Tim 6:15 ; 1 Tim 1:17 ; Ps 5:2 |

| | |
|---|---|
| **Plug**<br>God is my bron van krag. Wanneer ek krag nodig het kry ek dit by Hom, maar ek moet ‘ingeplug’ wees om die krag te kan kry | Ef 6:10 ; Fil 4:13 |

| | |
|---|---|
| **Suurstof**<br>Ons kan nie sonder suurstof leef nie, so kan ons ook nie sonder God leef nie –dis God wat lewe gee – Geestelik en fisies | Job 33:4 ; Job 27:3 ; Jes 42:5 |

| | |
|---|---|
| **Dagboek**<br>God doen niks ‘sommer-maar-net’ nie. Hy beplan ALLES – Hy het jou beplan, en Hy beplan alles wat om ons gebeur | Jerm 29:11 ; Ps 139:13; Jerm 1:5 |